




**KAS LANDMAN †**

Op Vrydag 6 Desember, die datum van die jaareindfunksie, het Kas Landman ook die einde van sy jare bereik - heel onverwags en as 'n skok vir almal, te meer omdat hy die voorafgaande Dinsdag soos van ouds nog voluit rolbal gespeel het, in sy gewaardeerde styl as skipper. 'n Waarlik groot seder het in ons klub geval. 'n Huldeblyk volg in die volgende uitgawe.

**ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD**

*KERSBOODSKAP*



Dit is met groot dankbaarheid dat ons na 2024 kan terugkyk en dankie kan sê vir die stabiliteit en al die seëninge wat ons Klub die afgelope twaalf maande beleef het – dit in 'n tyd waarin verskeie van ons mede klubs in Gauteng-Noord deur enstige uitdagings moes worstel. Dankie vir elkeen van julle vir jul ondersteuning, betrokkenheid en bydrae tot die sukses van ons Klub die afgelope jaar.

2024 Was egter ook 'n jaar waarin ons met groot hartseer van drie van ons rolbalfamilielede afskeid moes neem. Hulle laat egter soveel pragtige herinneringe agter, dat ons nie anders kan as om hulle in ons gedagtes vasgevang te hou nie - Stani vir sy besondere filosofiese en rustige benadering tot die lewe, Louie vir haar absolute toegewydheid tot en geesdrif vir die spel, en Kas vir daardie lekker intelektuele gesprekke en onverbeterlike humorsin. Dankie vir die diep spore wat julle in ons Klub getrap het.

Dit is nie 'n maklike taak om om enige van die hoogtepunte wat ons die afgelope jaar beleef het uit te sonder nie, maar ons hoogs suksesvolle Fondsinsamelingsdag, ons dames wat reeds die Vierde-liga gewen het, ons Eerste-liga mansspan wat reeds menige van hulle teenstanders in die stof laat byt het, die hoogs kompeterende spelpeil wat tydens ons Sosialespel gehandhaaf word en die uitstekende funksionering van die Bestuurskomitee, moet gemeld word.

Ek wens namens die Bestuurskomitee vir elkeen van julle en jul families 'n spesiale Christusfees toe. Mag julle 'n baie geseënde tyd en die genade van Christus in julle lewens beleef.

## HOOGTEPUNTE

Die **Worslopie** op 12 November was weer eens 'n groot sukses onder leiding van Tertius van de Venter. Groot plesier en baie pretpryse was aan die orde van die dag. Die groot pryswenners was Piet Swemmer en Hermien Velleman. Baie geluk!





And then there was a first for our club, the **High Tea** on 16 November. This was the brainchild of Emma McCabe, as a special occasion for all members who were not elected for the first round of league matches, as well as full-time social players. Our President, Jurg Odendaal sent the following WApp message after the event, and it encapsulates the heartfelt appreciation of all those who attended:



*"Hello everybody, a big thank you to Emma, Lynette and the rest of their team for another highlight at our club, - the High Tea on 16 November for all non-league players! Emma, we appreciate all the effort, hard work, hours of sleep lost and the beauty associated with this event!* "Well done!



Op 21 November het Magda Timmerman aangeluit by die supergeledere van die 80-jariges. Baie geluk, Magda!



Gedurende die week 25 – 29 November het die **Klubhuis** 'n gedaanteverwisseling ondergaan, danksy nuwe verf en gewaste gordyne. Baie dankie, Karien en Eurika, en die 2-4-2 inisiatief, wat hierdie mooi stap vorentoe moontlik gemaak het.

Sedert die vorige Toucher was daar verskeie suksesvolle **korporatiewe funksies** by die klub, danksy die onvermoeide ywer van Leon Smith en vrywilligers. Die rol wat hierdie funksies speel in die werwing van potensiële nuwe lede kan kwalik onderskat word. Voeg daarby die welkome bykomende inkomste vir die klub, en ons praat van inisiatief wat vir die klub ontsaglik baie beteken, Baie dankie, Leon en spanlede!



Die jaar is op 'n waarlik hoë noot afgesluit met die **Jaareindfunksie** op 6 Desember. Negentig klublede en gaste is by die deur begroet deur Hermien, met keurige tafelplasings en 'n glasie sjerrie. Die tafelversierings en uitleg het 'n wonderlike klimaat vir lekker kuier geskep.

Die driegangspyskaart was alreeds voor die ete 'n lus vir die oog, met die ete self 'n algehele treffer - groot dankie aan Rina, Karien en al die vrywillige helpers vir 'n funksie wat nog lank onthou sal word.

Inderdaad: "Without style, life has no meaning" (Huisbaas Carson, in Downton Abbey). Bernadine Theron het met haar pragtige sangitems, van Kersliedere tot populêr, perfekte stemming geskep, stemming wat algaande tot dansjolyt oorgegaan het.

Wat 'n mooi hoogtepunt vir die jaar!
















## HULDEBLYK - LOUIE WEBER



Op 29 November is Louie Weber se 80ste verjaarsdag nadoods herdenk, na haar afsterwe op 24 Oktober. Die herinnering aan Louie sal altyd en met die grootste waardering lewendig bly, soos verwoord deur Zinda Müller en Freda Cloete:

*Liewe Louie,*

*Graag sou ek vir oulaas vir jou wou sê:*

*.....dankie dat jy so n spesiale vriendin was, altyd gereed met 'n spitsvondige opmerking op die rolbalbaan.*

*.....dankie vir jou voorbeeld van toewyding en gedissiplineerde bywoning van die oefengroep elke Maandagmiddag.*

*.....dankie dat jy jou rolbalskoene volgestaan het tydens ligaspel en in ons almal se lewens op een of ander manier 'n verskil gemaak het.*

*.....dankie vir jou liefde en vrygewige hand. Jou finansiële bydrae, asook harde werk tydens rolbalfunksies, skenkings van servette, koeldrankstrooitjies, die mooiste groenslaai en vele ander klein dingetjies wat soms so ongesiens verby gegaan het. Dit gaan verseker gemis word.*

*.....maar die grootste dankie is vir jou deursettingsvermoë. Jy het ons almal geflous met die werklike stand van jou gesondheid. Dankie dat jy voluit geleef het. Jou positiewe gesindheid en veggees tot die einde kan vir ons almal net 'n inspirasie wees. Wat 'n pragtige voorbeeld. Ons is steeds sprakeloos oor jou ontydige afsterwe. Jy was voorwaar uniek en baie spesiaal.*

*…..dankie vriendin, jy is die rede dat ek weereens met nuwe oë na die lewe kyk, en het hierdie vers vir my nuwe betekenis gekry.*

*"Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe!"*

*2 Korintiërs 6:16*

*Zinda Müller*

*My liewe Louie, vriendin van 40 jaar. Jy het altyd so intens belanggestel in ons, ons kinders en kleinkinders se doen en late, Jou hart en huis was altyd oop vir ons. Ek wil nog só graag vir jou bel, WApp of "voice note". I miss you, my friend.*

*Freda Cloete.*

********###*********

## VANWAAR GEHASI?



### Tai Theron

Laat ek begin deur Centurion Rolbalklub te bedank vir die professionele, maar veral die vriendelike manier waarop ek lid kon word van die klub.

Nou meer oor myself. Theofilus Engelbrecht Theron is op 02 Mei 1962 in Karasburg gebore. As tweede oudste seun het ek my oupa aan moederskant se name gekry. Die name was vir my pa (wat nog kwaad was vir die Engelse) te Engels vir Theron en so het ek die noemnaam "Tai" gekry.

My ouers was Karakoelboere in die Namib. Gerugte wil dit hê dat my pa 30 was toe hy die eerste keer reën gesien het. Hy het flou geval en dit het drie emmers sand gevat om hom by te kry. Ek was in Laerskool Maltahöhe. Op daardie stadium het ons daar geboer op die plaas Donkergange, naby Sesriem en Sossusvlei.

My hoërskoolloopbaan het ek in Mariental voltooi in 1980, waarna ek vir drie jaar op Stellenbosch gaan studeer het. My studies was onsuksesvol en in 1983 meld ek aan om my diensplig te voltooi. Na diensplig sluit ek by die Staandemag aan, aanvanklik net om my studieskuld te betaal. Ek dien in 32 Bataljon en geniet dit so dat ek toe maar aanbly. In 1988 verloor ek ongelukkig my been in 'n anti-personeelmynvoorval. Ek sit egter my militêre loopbaan voort en tree in 2022 af as offisier by projekte by Krygkor.

Maar die mynvoorval het ook voordele gehad. Dit was die rede hoe ek my vrou, Karen, ontmoet het. Nie net het sy my baie gehelp met rehabilitasie nie, maar sy het ook gehelp om die bos bietjie uit my te kry. Ons is in 1995 getroud en twee seuns is uit ons huwelik gebore, Japie en Johan. Beide van hulle is tans ouditklerke in Pretoria.

Ons is lief vir reis, stap, sport en jag en sien daarna uit om bietjie rond te rits sodra Karen ook op pensioen is, moontlik volgende jaar.

Nogmaals dankie vir die vriendelike ontvangs. Ek hoop van harte dat ek mettertyd ook 'n bydrae tot die klub sal kan lewer.

Vrede vir almal.

## KOMPETISIES

### Klubkompetisies

Voor oggendspel op 21 November het Johan Meaker weer 'n ernstige beroep op klublede, en veral nuwe lede, gedoen om deel te neem aan die klubkompetisies, vanweë die groot waarde hiervan in rolbalontwikkeling (persoonlik en in die klub).

Gelote driespelkompetisies is afgehandel. Baie geluk aan die volgende wenners en naaswenners:

Dames: Karien, Ronell en Annette, met naaswenners Hessie, Hendrina en Marieta.







Mans: Herman, Hadri en Johan Jansen, met naaswenners Brian, Jurg en Flip.

Gekose parekompetisies (mans en dames) neem ŉ aanvang op 14 Januarie 2025.

Die jaarlikse Twilight-kompetisie skop ook in Januarie 2025 af, met groot opgewondenheid in die vooruitsig! By voorbaat baie dankie aan Conrad en Adri Greve wat weer die leisels gaan hou.

**BGN-kompetisies**

Gedurende Oktober/November was die klub verteenwoordig in die volgende BGN-kompetisies: Vierspel (mans en dames), veterane vierspel (mans en dames), en driespel (mans en dames). Deelnemers het gesorg vir puik spel teen soms baie strawwe kompetisie, en die naam van die klub hoog gehou - baie dankie aan elkeen!

Die eerste been van die 2024/2025 ligaseisoen is afgehandel, met stand van sake soos volg:

Damesspanne: Wenners van 4e divisie (baie geluk!), derde in 3e divisie en vierde in 2de divisie.

Mansspanne: Vyfde in 1e divisie, tweede in 4de divisie en vierde in 6de divisie. Baie sterkte vir die komende veldslae!




*16 Nov 2024*

Baie geluk aan die Dames met die uitsonderlike prestasie om op agtereenvolgende Saterdae 'n 8-bal te rol.



*23 Nov 2024*

**ROLBALONTWIKKELING**

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds ŉ groot sukses, met telkens ŉ aantal kandidate wat wil speel op die waglys. Karien Roos en Eurika Lawrence, baie dankie!

Zinda Müller en Pieter Pretorius het groot moeite gedoen op Maandag- en Dinsdagmiddae met die opstel van oefenbane, veral vir die gebruik van ligaspelers.

Deelnemers getuig steeds met groot lof oor die waarde van die oefensessies – dankie Zinda en Pieter!

**LEDESAKE**

### Verjaarsdae in Desember

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | Ernst Müller | 22 | Barend Lundie |
| 8 | Yvonne Clausen | 26 | Martelize Prinsloo |
| 11 | Theo Munroe | 27 | Adri Behr |
| 12 | Cathy Austen | 27 | Emil Haarhoff |
| 19 | Piet van der Merwe | 31 | Ted Harley |

### Verjaarsdae in Januarie 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Johan de Villiers | 16 | Ronel van Zyl |
| 3 | Francis Slabber | 17 | Hermien Velleman |
| 6 | Priscilla Lamprecht | 21 | Wim Prinsloo |
| 7 | Annatjie de Wet | 27 | Mari Flint |
| 10 | Theo De la Rey | 27 | Rina Meyer |
| 14 | Willie Kruger | 29 | Pieter Brits |
| 16 | Andre Jacobs | 29 | Etienne Olckers |

### Verjaarsdae in Februarie 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Jorrie Jordaan | 19 | Marsha Greyling |
| 5 | Danny de Lang | 19 | Wilma Olivier |
| 8 | Gert van der Westhuizen | 19 | Harry Viljoen |
| 12 | Lavonne Austen | 20 | Ann van der Veen |
| 12 | Louisa Meyer | 22 | David Engela |
| 15 | Adi Joubert | 24 | Isa Theron |
| 18 | Elise Smith | 25 | Estelle de Beer |

### Nuwe lede

Ons klub het die volgende gewaardeerde nuwe lede ryker geword. Baie welkom aan:


Armand Smit


Elise Smith

Andre Marx

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier, Hermien Velleman en Leon Smith.

### Lief en leed

Ons innige meelewing met Rentia Landman en familie met die heengaan van Kas. Ons treur saam, maar met dankbaarheid oor pragtige herinneringe.

Eidel Bock het op 13 Desember ŉ knievervanging ondergaan, en Suzaar van Rooyen s'n lê voor in Januarie 2025. Baie sterkte vir julle!

**Speeltye (Somer)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:00 vir 13:30

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub

ABSA Centurion
Tjekrekening nr 405 332 3178
Takkode: 632005
Verwysing: Naam en waarvoor

Ledegeld plus BGN en BSA affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2024.

Ledegeld (affiliasie ingesluit) bepaal soos ouderdom op 1 Julie 2024

75 jaar en ouer: R2290.00
jonger as 75 jaar: R2510.00

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Skakel met Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

**Boeke**

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**GREENS, FACILITIES AND SERVICES**

During the local league matches, our greens met with well-earned praise from the players of other clubs. Both greens are indeed in top condition, thanks to the hard work of our

greenkeeper Bosman Olivier, together with Bertus van Rensburg, Willem van Zyl, Dave van Oudtshoorn and other volunteers, with occasional further assistance from Afriforum.

Ernst and Zinda Müller continue with their invaluable work in marking the greens expertly.

Thanks to Nico Rau, the club facilities are well-maintained, whilst all matters of thirst are dealt with by Dalina and Pieter Brits, with volunteers - thank you! And also, a big thank you to Rina Meyer and all the ladies who are in some way, or another, involved with the Club house kitchen.

**KLEINJAN**

*Ma, die einde van die jaar is in die aangesig. Een van die dae begin mens weer dink wat se onbenulige dinge kan jy vir iemand vir krismis koop wat hulle weer kan gaan intrade by Cash Kroesyders. More sê ma.*

*Weet ma miskien of die ou perdeskoene wat oom Sagruis van Jaspur afgehaal het nog in die stoor agter die bruin suitcase is waar ek dit destyds ge bêre het. Hoekom ek vra is, ek wil twee hier bo my braai in die lapa ophang. Hulle sê mos dit bring geluk. Ek was die afgelope drie weke baie ongelikkig want hierdie rondloper swart kat het twee tortelduiwe hier in my lapa gevang. Net vere waar jy kyk.*

*Neef Sias en Gurtrude, wie drie weke hier in Midstream Medi-kliniek met die voete was, is ook nou weer vort. Nou is dit weer pies en kwaaijet hier by my. ʼn Mens raak nogal moeg van elke dag so op en af ry met al die besoektye.*

*Sias is darem maar ʼn karakter op sy eie. Lyk my hy ken ook al die mense suid van die Limpopo soos hy hulle loop en groet. Van die vreemdes lyk vir hom partykeer soos iemand wat hy al voorheen gesien het of moontlik op laerskool saam met hom op Kwaggaberg was. Dan vra hy my: "Kleinjan, lyk daardie girltjie nie ook vir jou baie na Valearia nie? Jy weet mos Valearia van Swart Sagrys van ou oom Sagrys wat daar onder op Vaalwater met twak geboer het. Oom Sagrys se oorlede pa was mos met die duitse tannie getroud wat destyds as kind van Duitsland saam met haar broer van die Natsies af na Suidwes toe gevlug het. Of hoe lyk sy vir jou, Kleinjan?" Dan weet ek nie eens wie is Valearia of Swart Sagrys nie.*

*Ek hoor hier intussen van die vrouens litte dat hulle sooo mal is daaroor om Boer soek ʼn lêplek te kyk. Dit is blykbaar al reeks sestien. Elke keer is daar tien boers wat briewe kry. Dit is dan nou al honderd en sestig. Volgens die statestieke is daar nog net vier wat ge afhaak het waarvan een al weer los is. Klink vir my ʼn meisiemens kan nie eintlik op die hedendaagse boers staatmaak nie.*

*Ma ek gaan nou net vir ʼn kort tydjie ophou skryf want ek gaan nou eers vir my twee toebroodjies maak. Ek het twee hoendereiers gekook wat ek nou gaan afdop en fyn maak saam met mayonys. Dit is dan ʼn tjiekin mayonys broodjie.*

*Ma ek het nou lekker dik geëet saam met rooibos tee. Ek gaan nou verder skryf.*

*Ek sien weer op die sport nuus dat Japan weer ʼn hele Springbok span gewerf het om vir hulle verskillende spanne te speel. Ek verneem ook vertroulik dat die labels binne hierdie spelers se truie in moderne Afrikaans geskryf is, "made in South Africa".*

*Ek was vandag weer baie deurmekaar met aarbeie. Ek het in die tuin ge aarbei, in die huis ge aarbei en ook met al my wasgoed ge aarbei. Toe koop ek nog bowenal ʼn aarbei tert by Checkers ook.*

*Ma daar is weer baie nuwe litte wat by die klub aangesluit het. Party met hulle se vrouens en party met hulle se mans ook. Dan is daar wat daarsonder aangesluit het. Dave wat by die volstruisplaas gewees het, is ook 'n nuwe. Hy was soos oom Wim ook in die army. Hy het egter nie pareshute gespring nie. Hy was amper soos 'n korporaal, net baie hoër amper soos oom Wim. Ek weet nie wat die ander nuwe litte was nie, seker net mense. Weet ma hoeveel van die litte gaan kuier oorsee by hulle se familie. Kort kort hoor jy die een was abroad dan weer daai een. Lyk my ouer mense sit maar later in hulle lewens sonder kind met net 'n cry.*

*Die twee honne van Willem Gansbaai, wat nou by my plak vir twee weke terwyl Willem en Rondneel gaan vis het, is nes aasvoëls. As ek die agterdeur oopmaak is hulle daar, met groot oë en kwyl bekke. As ek die voordeur oopmaak is dit dieselfde. Ek gee aanmekaar kos maar hulle sluk net. En hoe meer sluk, hoe meer bolle op die gras. Ek wonder of ander litte wat honde het dit ook so belewe. Gelukkig bly die honne nie in die huis nie, want weet ma hoe sou my vacuumcleaner van die bolle geruik het.*

*Ek hoop nie ma dink ek praat nou bollie nie, daarom stop ek nou onvermiddelik met my skrywe. Weer soos altyd groete*

*Ma se seun*

*Kleinjan.*

**AND IN CLOSING...........**



**<u>THE SOCIAL PLAYER</u>**

You do it for the blue in the sky, the smell of the grass and the sound of a rolling ball.

You do it for the feel of the delivery, the perfect line and a jack darting away.

You do it for the satisfaction of a draw, the taste of triumph and the frustration of a bad head.

You do it for the anticipation of a win and the expectation of the perfect day.

You do it for the camaraderie around you and the community to which you belong.

You are the legends, the mentors and the generals.

You are steeped in all the wisdom, knowledge and experience of a sport we call bowls.

You are the ones that surround us with laughter, joy and happiness.

You are the foundation of the club, its heartbeat and the thing that turns an ordinary club into a great club.

- Emma McCabe

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls.co.za

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.